


# PREEKNOTA

Datum: **24/04/2026**

**1. Het jy al in 'n oomblik van druk besef: "Ek het nooit vooraf besluit wat ek hier gaan doen nie"?**

Die besluit wat jy môre gaan nodig hê, moet jy vandag al neem.

**2. Hoe gebeur dit dat ons nie reg is vir keuses wat ons môre moet maak nie?**

**Daniël 1:1–2 (NLV)** In die derde jaar wat koning Jojakim oor Juda regeer het, het Nebukadnesar teen Jerusalem opgetrek. Hy was die koning van Babel. Hy het die stad beleër. Die Here het Jojakim, die koning van Juda, in sy mag gegee. ...

**Daniël 1:3–5 (NLV)** Die koning het vir Aspenas, wat aan die hoof was van die paleisamptenare, opdrag gegee. Hy moes jong manne uit die koninklike families... na hom toe bring. Hulle moes gesond en aantreklik wees, intelligent, goed ingelig en vinnig van begrip... Die koning het opdrag gegee dat hulle elke dag kos en drank uit die paleis moes kry. ...

**Daniël 1:6–7 (NLV)** Daniël, Gananja, Misael en Asarja was onder hierdie jong manne uit Juda. Die hoofamptenaar het vir hulle nuwe name gegee. Daniël het Beltsasar geword, Gananja Sadrag, Misael Mesag en Asarja Abednego.

Ons almal leef by 'n tafel wat ons probeer vorm.

Die kultuur bied altyd 'n tafel aan wat aanloklik lyk. Die vraag is: het jy al besluit wie jy is, voor jy by die tafel aankom?

**3. Wat doen 'n mens wanneer die wêreld jou naam, jou taal, jou kennis en jou toekoms probeer vorm?**

**Daniël 1:8 (AFR83)** Daniël het hom voorgeneem om hom nie met die koning se kos en wyn te verontreinig nie, en hy het die hoofpaleisbeampte vergunning gevra om dit nie te gebruik nie.

**Daniël 1:8 (CAB23)** Maar Daniël het in sy hart voorgeneem dat hy hom nie sou verontreinig...

**Daniël 1:9 (NLV)** God het gemaak dat die hoofamptenaar van Daniël hou en hom goedgesind is.

Die oomblik van gehoorsaamheid, word die deur, vir God om in te stap.

**Jeremia 29:11 (NLV)** Ek weet wat Ek vir julle beplan het," sê die Here. "Ek beplan voorspoed vir julle, nie teëspoed nie. Ek wil hê dat julle hoop vir die toekoms moet hê.

**4. In watter area van jou lewe laat jy tans die oomblik, die druk of die kultuur, namens jou besluit?**

**Daniël 1:10 (NLV)** [10]Hy het egter vir Daniël gesê: "Ek is bang vir die koning. Hy het bepaal dat julle hierdie kos en drank moet gebruik. As hy sien dat julle nie so goed lyk soos die ander van julle ouderdom nie, gaan julle my kop laat rol by die koning."

**Daniël 1:12 (NLV)** "Toets tog u dienaars vir tien dae. ...

**Daniël 1:13–15 (NLV)** 'Vergelyk dan ons voorkoms met dié van die jong manne wat die koning se kos eet, en dan besluit jy self wat om met ons te maak.' Die amptenaar het ingestem... Aan die einde van die tien dae het hulle gesonder en beter gevoed gelyk as al die jong manne wat die koning se kos geëet het.

Om in jou hart voor te neem, is om te besluit wie jy gaan wees, voordat die druk dit vir jou besluit.

'n Keuse wat jy môre moet maak, kan jy vandag al neem.

**5. Wat kan gebeur as ons nie wag vir druk om ons geloof te definieer nie?**

**Lukas 16:10 (NLV)** As julle in klein sake getrou is, sal julle ook in groot sake getrou wees. ...

Ons gemeente leef ook in 'n kultuur wat 'n tafel aanbied: Kies gemak bo integriteit. Kies aanvaarding bo oortuiging. Kies stilte bo moed. En dikwels gebeur die eerste kompromie nie met 'n groot besluit nie – dit gebeur in 'n klein oomblik, wanneer niemand kyk nie, wanneer dit "nie regtig saak maak" nie.

Wanneer jy vooraf besluit het wie jy is, is die oomblikke nie meer die baas nie en dit is wat legendes maak.

Dienste word aanlyn uitgesaai op Facebook en YouTube asook op **IFM 102.2** en via klankstroom op www.ifmradio.co.za / www.kg.org.za


**KONTAKPERSONE:**

**Gemeentepredikant:**
MARIUS MALAN - 016 004 0016
marius@kg.org.za

**Gemeentebestuurder:**
RIAAN PELSER - 082 775 7147
riaan@kg.org.za

**PREDIKANTE:**

**TOMMIE ARPIN**
082 342 6245 | tommie@kg.org.za

**JONATHAN MÜLLER**
064 658 6636 | jonathan@kg.org.za

**EDOHAN BURGER**
084 570 0669 | edohan@kg.org.za

**LUCAS NIEMAND**
083 233 4000 | lucas@kg.org.za

Hoek van **Ravel**- en **Abrahamstrate**
**Mantevrede, Vanderbijlpark**
**016 004 0016 / navrae@kg.org.za**


**KONTANTLOSE BYDRAES**

**BANKBESONDERHEDE:**
Kompas Gemeente
Eerste Nasionale Bank
Rekeningnommer: 62609813846
Takkode: 250 655